Verslag van die Vrystaatse afdeling van die KVSA (Junie 2009)

Dit was twee gebeurtenisvolle jare. Nadat Grieks vir ‘n jaar of twee in die wildernis was sonder ‘n departementele tuiste, is daar eindelik besluit dat dit by Latyn hoort eerder as by Teologie, en het hierdie afdeling van die Engelse department toe “Klassieke Tale” geword. Aan die einde van 2008 het die Senaat na verskeie vertoë besluit dat Klassieke Tale weer ‘n selfstandige, outonome departement kon word. Dit was te danke aan groter studentegetalle en navorsingsuitsette. Die kursus Regstaal en Kultuur wat ‘n paar jaar gelede ingestel is, asook groter belangstelling in Latyn op voor- en nagraadse vlak, en daarby die Teologie-studente wat Grieks en Bybelkunde neem, het ons getalle aansienlik laat toeneem. ‘n Belangrike faktor was ook dat prof. François Retief (voormalige rektor van die UV) hom by die Klassieke geledere aangesluit het as Navorsingsgenoot, en in samewerking met prof. Louise Cilliers het hulle die afgelope 11 jaar 57 artikels in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer.

In April 2008 het Louise Cilliers op uitnodiging ‘n lesing aan die Universiteit van Lausanne in Switserland gegee, en in September het die Cilliers’s twee kongresse oor Antieke Geneeskunde bygewoon, een in Kreta en een op Cyprus; by lg. het Louise ‘n referaat gelewer. Daarna het hulle Athene en ook Thessaloniki besoek wat spog met een van die mees verteenwoordigende museums oor die Antieke Wêreld is, asook Vergina met sy indrukwekkende klein ondergrondse museum waar Philippus II, die pa van Alexander die Grote, begrawe is.

Aan die einde van 2008 het Louise Cilliers afgetree na talle jare as dosent aan verskeie universiteite, en die afgelope 26 jaar aan die UV, waarvan 14 jaar as hoof van die Departement Latyn (sy gaan nou voort op kontrakbasis). Dit was werklik verhoring van gebed dat prof. Christoff Zietsman ingestem het om na die Vrystaat te kom om hoof van die Dept. Klassieke Tale te word. Hy het reeds die afgelope 6 maande ‘n stewige staanplek in die fakulteit gekry en het groot planne vir die toekoms. Die department het ook in die plek van dr. Louis le Roux ‘n junior lektrise in Grieks bygekry in die persoon van me Anneli Machin. Verder ondersteun drr. Johan Cilliers en Dirk Coetzee die departement op kontrakbasis en word gereeld gevra om artikels te keur; Johan is ook die koördineerder van die KVSA Opstelkompetisie.